Preek Jan Steyn 18 Februarie 2018

Teks: Deuternomium 11

Tema: Onthou

Hoofpunte van preek:

Inleiding:

My pa is al oorlede. Maar ek het iets wat my dadelik aan my pa laat dink. Dis hierdie plaat van John Gary. John Gary sanger van Ierland en my pa was baie lief vir sy musiek. As ek hierdie musiek luister, dink ek dadelik aan my pa.

Om te glo, om kind van die Here te wees is om te onthou. (Vers 18- herinneringsteken) Wat? (vers 1 tot 7) Wat die Here gedoen het. Brood en wyn van nagmaal ook onthou-tekens aan wat die Here gedoen het om ons vry te maak. Christelike godsdiens is onthou-godsdiens.

Wat ons vandag gelees het, gaan oor gesinne en families. Ouers vir kinders leer en vertel WIe is die Here en wat Hy gedoen het. Meeste van ons gesinne nie altyd so gesond- power struggle-ons stry biejtie met mekaar en elkeen wil reg wees. Party kinders vertel my pa en ma baklei met mekaar. My pa en my ma is geskei. Ander vertel my ouers bly altyd op my case oor alles. Hulle raas net oor wat ek verkeerd doen. Ouers vertel: My kinders challenge my oor alles- hulle wil nie doen wat ek vra nie en stry met my- doen net een slag wat ek vra! Nie maklik om ouer te wees nie en nie maklik om kind te wees nie. Hoop hierdie veldtog gaan ons biejtie help om mekaar beter te hoor en te waardeer en verby power struggles te kom.

Wat is huisgeloof?

Faith begins at home. Ek leer eerste by my ouerhuis hoe om te glo.

Geloofsvormende invloede op kinders: 60% -80% deur ouers en meer as 30% deur grootouers. (Search institute navorsing)

Bietjie met julle praat oor reels. Atletiek gedoen, nooit veel rugby gespeel, Rugby lyk lekker. Geen reels. Jy kan enigiemand enige tyd tackle. As jy moeg is, vir ref gaan net so vyf minute sit. As hy dors is, stap jy van veld af en gaan drink water of Energade. Jy mag die bal uit die ou van die ander span se hande klap. Jy mag hom trip as hy by jou verbykom. Jy mag hom tackle as hy in die lug is om die bal te

vang. As jy sien jou span gaan verloor, se jy vir ref moenie worry oor die tyd nie, ons speel tot ons span wen. Hoekom is daar reels? Ons herinner mekaar aan die gebooie (wette/ reëls) van die Here. Die Here vra ons moet op sekere manier leef. Die gebooie is nie daar om ons vryheid en vreugde weg te vat nie, maar om ons te beskerm (net soos reëls in rugby en netbal) (vers 8)

Meer as huisgodsdiens- **dit word oral beoefen**- nie net formele plekke soos erediens of huisgodsdiens-ook informeel soos ry in kar of as ons opstaan of gaan slaap (vers 19).Ook in openbare plekke en lewe (stadspoorte vers 20) Ons moet oral oor die Here kan praat. Huisgeloof beteken dit raak vir al hoe makliker om oor die Here te praat- ons oefen dit.

Familie gewoonte van gesels met mekaar rondom geloof. Ons raas met mekaar,ons probeer leer (lecture) mekaar en beskuldig mekaar, maar ons gesels nie altyd met mekaar nie (Praat daaroor vers 19) Dis iets anders as met jou kinders te (stry) redeneer oor die Here en die kerk. Gesels beteken ons moenie net feite oor ons geloof oordra nie, maar ons ervaring van ons geloof en die Here.

Om te glo gaan nie eerstens oor klomp feite oor God of Bybel te ken nie, maar oor **gehoorsaam lewe** (vers 13) Dis nie net wat ek weet van die Here nie, maar hoe leef ek. 1 Thesaalonisense 2:4: Ons wil nie die guns van mense probeer wen nie, maar doen wat God verwag.

Geloof gaan oor keuses (vers 26) Ons moet mekaar help en ondersteun in die keuses wat ons maak. Of ons die Here dien of nie kom uit in keuses wat ons maak. Ek gaan partytjie toe- die kinders gaan drink en dagga rook. Ek moet kies hoe ek hierdie partytjie gaan bywoon en as ek gaan, hoe ek die partytjie gaan hou. Party van die kinders in die onder mekaar online lelike opmerkings oor 'n ander kind se foto of hul lame vakansie. Ek moet kies of ek daarvan deel gaan wees of nie. Ons moet mekaar vra of ons nog by ons keuse bly staan om die Here voluit te dien.

Die Here se Woord moet meer as ons koppe vul- dit moet ons lewe vul (letterlik ons harte en siele) (vers 18) Dus meer as kopkennis en kop (rasionele) geloof. Dit beteken dat oral waar ons gaan, op vakansie, gaan kamp, saam met ons vriende, gaan fliek, sport doen, gaan werk is die Here by ons. Jy kan nooit jou hart en jou siel iewers agter jou los nie. 1 Kor 10:31: Of ek eet en of ek drink of wat ek ook al doen, doen ek tot God se eer.

Slot:

Getuienis van ouer se invloed op kind. Faith begins at home. Jou kind se geloof waarskynlik weerspieeling van jou geloof.

When you thought I wasn't looking,

I saw you hang my first painting on the refrigerator,

and I wanted to paint another one.

When you thought I wasn't looking

I saw you feed a stray cat

and I thought it was good to be kind to animals.

When you thought I wasn't looking

I saw you make my favourite cake for me

and I knew that little things are special things

When you thought I wasn't looking

I heard you say a prayer

and I believed there is a God I could always talk to.

When you thought I wasn't looking

I felt you kiss me goodnight

and I felt loved.

When you thought I wasn't looking

I saw tears coming from your eyes

and I learned that sometimes things hurt,

but that it's all right to cry

When you thought that I wasn't looking,

I saw that you cared

and I wanted to be everything that I could be

When you thought I wasn't looking

I looked…and I wanted to say thanks

for all the things I saw

When you thought I wasn't looking.

Rita Korzan